Jesus Christus se laaste dag.

Markus 15: 1-39

14 April 2019 – 6de Lydensondag

Inleiding tot die preek: (sittend)

Gemeente, broers en susters.

Markus beskryf Jesus se laaste paar uur voor sy kruisiging op 'n baie interessante manier vir ons. Aan die hand van **vier tye** deel hy Jesus se laaste dag in vier hoof momente op.

Die eerste groot gebeurtenis vind vroeg die oggend plaas. Daarna 9 uur, 12 uur en 3 uur. Kenners vermoed dat dít die ure was waartydens **Jesus se wagte geruil het**. Met die ruil van die wag het 'n nuwe moment aangebreuk. Markus plaas dus die gebeure van die Goeie Vrydag binne die 3 uurlikse skedule van die Romeinse wag daar binne Jerusalem.

In vandag se prediking gaan ons kyk na wat in die 4 momente, die 4 wagbeurte, gebeur het.

Nadat ons na die 4 wagbeurte gekyk het wil ek dan 'n baie spesifieke vraag beantwoord. More betree ons die Groot Lydensweek. Donderdag vier ons die Nagmaal wat Jesus ingestel het. Die dag daarna is Goeie Vrydag. Ter voorbereiding vir die dag wil ek kyk of die dag **werklik as goed beskryf kan word**.

Op die oog af lyk dit na 'n slegste, afskuwelike dag waarop een sonder sonde onskuldig om die lewe gebring is. **Is dit werklik goed? Wat maak die dag so goed vir jou en my.**

Voorbereidingslied: (sittend)

Lied 399: 4 & 5 Musiekspan gaan sit

Skriflesing en Prediking:

2.

Vriende.

Vrydag wat kom herdenk ons die dood van Jesus.

Kan ons egter die dag as goed beskryf?

Voordat ons egter die vraag kan beantwoord moet ons eers kyk hoe Jesus se laaste dag gelyk het. Wat het in die laaste 4 hoofmomente van sy lewe gebeur? Die **eerste van die hoofmomente** vind ons in Markus 15 1-21. Kom ons lees dit saam. Daar staan geskrywe:

1 Die **môre vroeg** het die priesterhoofde saam met die familiehoofde en die skrifgeleerdes dadelik as volle Joodse Raad 'n vergadering gehou. Hulle het Jesus geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus uitgelewer. 2 Pilatus het vir Hom gevra: “Is jy die koning van die Jode?” Jesus antwoord hom: “Dit is soos u sê.” 3 Die priesterhoofde het Hom van baie dinge beskuldig. 4 Pilatus het Hom toe verder ondervra. “Verweer jy jou glad nie?” het hy gevra. “Kyk waarvan beskuldig hulle jou alles.” 5 Jesus het egter niks meer gesê nie, sodat Pilatus verbaas was. 6 Elke paasfees het Pilatus vir die mense een gevangene, die een wat hulle gevra het, losgelaat. 7 Daar was 'n man met die naam Barabbas in die tronk saam met ander opstandelinge. Hulle het tydens die opstand moord gepleeg. 8 Daar het toe juis 'n klomp mense gekom en Pilatus gevra om vir hulle te doen wat hulle van hom gewoond was. 9 Pilatus vra hulle toe: “Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat?” 10 Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het. 11 Hulle het die mense egter opgesteek om te vra dat hy liewer Barabbas vir hulle moet loslaat. 12 Pilatus het weer vir hulle gevra: “Wat wil julle dan hê moet ek met hom maak wat julle die koning van die Jode noem?” 13 “Kruisig hom!” skreeu

hulle. 14 “Waarom? Wat se kwaad het hy gedoen?” vra Pilatus hulle. Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!” 15 Omdat Pilatus die mense hulle sin wou gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat en Jesus laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word. 16 Die soldate vat Jesus toe in die binnehof van hulle hoofkwartier in en roep die hele afdeling bymekaar. 17 Toe trek hulle Hom 'n pers mantel aan en vleg 'n doringkroon en sit dit vir Hom op. 18 Daarna het hulle Hom begin begroet en gesê: “Ons groet u, Koning van die Jode!” 19 Hulle het Hom herhaaldelik met 'n stok oor die kop geslaan en op Hom gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys. 20 Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die pers mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig. 21 Die soldate het iemand wat daar verbygekom het, gekommandeer om Jesus se kruis te dra. Dit was Simon van Sirene, wat van buite die stad af gekom het, die pa van Aleksander en Rufus.

Soos wat die son opkom vind ons Jesus in die **paleis van Herodes**. Daar waar die goewerneurs gewoonlik gebly het wanneer hulle in Jerusalem was. Die plaaslike Joodse owerhede was ook teenwoordig.

Kyk ons na die teksgedeelte vind ons dat die eerste wagbeurt gelaai is met **ironie**.

Pilatus vra vir Jesus (daar waar hy bebloed en verneder is) amper op ’n sarkastiese manier of Hy *“werklik die koning van die Jode”* is. *“Jy wat so magteloos voor my uitgelewer staan, wil jy vir my sê dat jy werklik die koning van die Jode is”*. En dan antwoord Jesus: *“dit is soos jy sê”*. En daarna bly hy stil.

Deurdat Jesus **stil te bly** toon hy ongelooflik **moed**. Verbeel net onder watse druk Jesus daar was.

- Slegs deur te praat kan hy uitkoms vind, maar hy bly stil.
- Deurdat hy stil bly toon hy ook sy veragting vir die proses wat besig was om hom af te speel.

Aan die hand van Jesus waagmoed binne die situasie is Pilatus stom geslaan, selfs geskok, oor die optrede van Jesus. Wat moet hy maak met Jesus?

Direk daarna speel die verhaal af van die Joodse leiers wat **moet kies tussen Barabbas en Jesus.** Die twee mans verteenwoordig twee **verkillende wêrelde, denksisteme.**

- Barnabas was 'n rebel, 'n opstandeling teen die Romeinse oorheersing.
- Hy was deel van een of ander rebellie wat gepoog het om die Romeinse juk van die skouers van die Jode af te gooi.
- Ons kan vermoed dat hy in die proses baie landswette oortree het en selfs mense om die lewe gebring het.
- Hy verteenwoordig 'n wêreldse manier van dink en doen.
- Hy as figuur staan eintlik vir mense wat kies om met geweld aardse mag en beheer oor te neem.

Maar Jesus verteenwoordig presies die teenoorgestelde. Net van te vore kom Jesus Jerusalem in op die rug van 'n **donkie** – 'n dier wat simbolies is van nederigheid en vrede.

- Hy verteenwoordig nie een of ander aardse ryk wat met geweld en mag werk nie, maar eerder die koninkryk van God.
- Die koninkryk van God handel aan die hand van liefde en vrede, aan die hand van selfverloëning en vergiffenis.

En as Jesus en Barabbas daar voor die skare staan dan is die keuse wat hulle moet maak tussen Jesus en Barabbas nie net 'n keuse tussen die twee persone nie, maar ook 'n keuse tussen twee **manier van dink en doen**. Hulle moet of kies vir die pad van **mag en geweld van hierdie wêreld**, of die pad van s**elfopofferende liefde, die pad van die koninkryk van God.**

Deur die hele Lydenstyd tot dusver was ons voor die keuse gestel. Vandag moet ons weer opnuut die keuse maak.

Kies ons vir Barabbas of vir Jesus? Die pad van die wêreld, of die pad van die koninkryk?

En dan soos deur al die eeu kies die mens vir die haat en geweld en pyn van die wêreld. Hulle kies vir Barabbas bo Jesus. Hulle skree *"kruisig Hom"*.

Nadat die oordeel oor Jesus gevel is, dat hy gekruisig gaan word, lees ons dat die soldate Jesus **in spottende, kroningseremonie, belaglik probeer maak**. Hulle trek sy klere uit waarna Hom met kama koningsklere aantrek. 'n Pers mantel gooi hulle oor sy skouers en hulle vleg 'n doringkroon vir sy kop. Speels, speel buig hulle dan die knieg voor die kamstige "koning van die Jode".

Nadat Jesus die aan die vernedering onderwerp was, gemartel en bespoeg is, word Hy dan na **Golgota, kopbeenplek geneem om gekruisig te word**. Maar Jesus is teen die tyd so swak dat hy nie eie sy kruis kan dra nie. Simon van Serene word gedwing om sy kruishout te dra.

3.

En toe word die Romeinse wag geruil. Die **tweede "hoofmoment"** van Jesus se lyding breuk aan. Ons lees verder uit Markus 15: 22-32. Ons lees vanaf vers 22 tot en met 32. Daar staan geskrywe:

22 Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek beteken. 23 Hulle wou vir Hom wyn gee met mirre daarin, maar Hy wou dit nie hê nie. 24 Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry. 25 Dit was **nege-uur die môre** toe hulle Hom gekruisig het. 26 En die rede waarom Hy gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis geskrywe: "Die koning van die Jode." 27 Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en een links van Hom. 29 Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud en gesê: "Toe, jy wat die tempel afbreek en in drie dae weer opbou! 30 Red jouself en kom van die kruis af." 31 Net so het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes ook spottend vir mekaar gesê: "Ander het hy gered; homself kan hy nie red nie! 32 Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo!" Die twee wat saam met Hom gekruisig is, het Hom ook beledig.

Markus gebruik nie baie woorde om die gebeure mee te beskryf nie. Want sy lesers, die eerste gemeentes, het presies geweet hoe 'n kruisiging lyk en werk. Hulle het verstaan hoe geweldadig en pynlik dit moes wees. 'n Beskrywing was eintlik maar oordadig.

Ons wat egter in die jaar 2019 leef **verstaan nie die volle omvang van die kruisiging nie.** In hierdie tweede "hoofmoment" van Jesus se laaste dag wil ek spesifiek aandag aan die kruisiging gee.

Die kruisiging was een van die Romeinse owerheid se doodsvonnisse wat hulle slegs gebruik het wanneer hulle 'n **duidelike punt** wou maak.

- Daardeur het hulle gesê dat die persoon 'n vyand van die staat was.
- In die openbaar het hulle gewys wat met mense gebeur wat in opstand teen die staat kom.
- Die doel daaragter was om mense so bang te maak vir Romeinse owerheid dat hulle eerder nie standpunt teen die regering wou inneem nie.
- Dit was 'n afskrikmiddel gebruik.
- 'n Kruisiging was aspris so geweldig as moontlik, so sigbaar as moontlik, dat soveel mens as moontlik dit kan sien.

Die kruisiging het egter nie daar geëindig nie. 'n Mens is nie net aan die kruis om die lewe gebring nie**. Jy het nie net daar gesterf nie, maar jy het ook vir weke daarna nog gedien as afskrikmiddel vir enigiemand wat sou oorweeg om in opstand te kom.**

Oor die jare is daar baie opgrawings in Israel gedoen. En in al die grafte was daar net een persoon gevind wat aan die kruis gesterf is wat gevind is. Die rede hiervoor, vermoed die argeoloë, is daarin te vinde dat daar niks oor gebly het om te begrawe nie. Na die **kraaie, aasvoëls en honde** met liggaam klaar was, was daar nie werklik iets om te begrawe nie.

Daar waar Jesus aan die kruis gespyker hang deel die wagte sy klere onder mekaar. En Hy hang onder die kennisgewing van sy kwansuise oortreding. Hy het gesê dat Hy die *"koning van die Jode"* is.

Jesus word nie alleen gekruisig nie. Langs hom hang daar **twee misdadigers**. Waarskynlik was hulle soos Barabbas rebelle, terroriste, mense wat in opstand gekom het teen die owerheid.

Vir **drie uur** hang Jesus aan die kruis saam met die misdadigers, vir drie ure word hy gespot en belaster deur die mense wat verby loop. Vir drie ure word hy gespoeg en geslaan deur die wagte wat om die kruis staan en lag.

4.

En dan breek die **derde "hoofmoment"** is Jesus se laaste dag aan. Die wag ruil en daar gebeur iets ongelooflik. Ons lees net een versie wat hierdie volgende moment aandui. Vers 33. Daar staan:

> 33 Teen **twaalfuur** die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur.

Vir 'n volle drie ure gebeur daar niks anders behalwe dat Jesus se lewe stadig maar besig is om te eindig. En gedurende daai 3 ure, daardie wagtyd, word dit **donker** reg oor die wêreld.

As Markus hierdie donkerte aan ons beskryf dan sê hy dat die gebeure van Jesus se kruisiging nie net beperk is tot daardie dag daarop Golgota nie. **Die gebeure het implikasies, kosmiese implikasies, wat deur al die eeue ego.** Hier word maar nie net 'n man gekruisig nie. Nee, hier verander ganse wêreld. Hier verander die lot van die mensdom.

Duisternis is simbolies reg oor die wêreld, en in alle kulture, **van swaarkry, van hartseer, van pyn en selfs van oordeel.**

- So was duisternis een van die tien plae.
- Die profete van die Ou Testament het duisternis beskryf as iets wat gaan kom wanneer God finaal sy oordeel oor die mens gaan fel.

Maar daar is ook 'm tweede interpretasie van die duisternis. Dit is nie net simbolies van God se oordeel nie. Markus wil ook hier vir ons wys dat die **ganse heelal, die kosmos, saam met die mensdom treur oor die gebeure daar op Golgota**. Selfs

die skepping kyk weg, bedek haar gesig, hul haarself in donkerte wanneer Jesus sterf.

5.

En dan breuk die **laaste hoofmoment** van Jesus se laaste dag aan. Die wagte ruil vir die laaste keer. Die beskrywing van die laaste moment van Jesus se lewe is sekerlik die aangrypendste van die ganse Bybel. Ons lees ons laaste teksgedeelte vir vandag se prediking. Markus 15 vanaf vers 34 tot en met vers 39.

(34) Om **drie-uur** het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá sabagtani?” Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat? (35) Toe party van die mense wat daar naby gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar, hy roep vir Elia.” (36) Een van hulle het toe gehardloop, 'n spons in suur wyn gesteek en dit vir Hom op 'n stok gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia hom van die kruis kom afhaal.” (37) Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas. (38) Die voorhangsel in die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur. (39) Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”

Kort na 3 uur die middag roep Jesus hard uit: “*My God, M God, waarom het U my verlaat”*. Dit klink so troosteloos. Jesus klink in die oomblik Godsverlate – asof Jesus in daai oomblik nie net van mens verlaat is nie, maar ook van God.

Die woorde wat Jesus uitroep vind ons in **Psalm 22**. Dit klink vir ons asof daar geen hoop is nie, asof daar nie troos te vinde is nie. Maar daar is soveel meer te sprake as net die hartseer woorde wat Jesus uiter.

As Markus die kruisgebeure vir ons beskryf dan doen hy moeite om vir ons te wys dat dit wat in Psalm 22 gebeur ook hier plaasvind. **Soos in die geval van Golgota trek mense ook lootjies oor klere in Psalm 22. Die spot van skare –dit is alles dinge wat in Psalm 22 gebeur.**

En dan roep Jesus die openingswoorde van Psalm 22 uit. En daarmee trek Jesus die boodskap van Psalm 22 in die gebeure in. En hoor mooi broers en susters.

- Psalm 22 handel oor ’n man wat so swaarkry,
- wat so hartseer is,
- dat sy lewe so in bedreiging is dat dit alles hom mee gaan voer.
- Alles wat met hom gebeur verswelg hom.
- Dit voel vir hom dat self God hom verlaat het.

Maar dan verander Psalm eweskielik. Hy **begin God dank vir sy verlossing en redding**. Al het dit nie gelyk asof hy gaan lewe nie, al het dit gelyk asof daar geen hoop of ’n toekoms is nie, het God hom gered.

Dit is wat Psalm 22 wil sê. En die mense vir wie Markus skryf ken hierdie Psalm, ken sekerlik die Psalm uit hulle koppe. En hulle weet dat die Psalm handel oor ’n persoon waar dit gelyk het asof daar geen hoop op ’n toekoms is nie, **maar wat wel na God uitgeroep het en toe teenoor alle verwagtinge gered is. Dit gaan daaroor dat God in beheer was selfs al het dit nie so gelyk nie.**

En so sê Markus moet ons ook oor Jesus dink.

- Kyk ons na meslike oë na kruis lyk dit vir ons asof daar geen hoop, geen troos is nie.
- Dit lyk vir ons Godverlate. Maar dit is nie. Hier is meer aan die gebeur.
- Jesus aan die kruis is nie die einde nie.

Ons kan nie dit wat aan die kruis gebeur los verstaan van die oorwinning wat gaan kom oor die sonde en die dood nie. **Soos in die Psalm het God uitkoms gebring**. Soos in die Psalm het God ’n toekoms gegee. Soos in die Psalm het Jesus ook oorwin op die Sondag more.

6.

Gemeente.

So sien ons dat Jesus se laaste dag **4 hoofmomente** bevat het.

- Die eerste is die van Sy **verhoor** en waar die skare **Barabbas** bo Jesus verkies.

- Die tweede is waar Jesus **gekruisig** word en bespot word deur die verbygangers en soldate.
- Die derde hoofmoment van Sy laaste dag is waar **daar duisternis** oor die wêreld sak.
- Die laaste beweging is waar **Jesus sterf en Psalm 22** en die redding wat dit verkondig die gebeure intrek.

Ons sien dus dat Jesus nie net op Goeie Vrydag gekruisig is nie. Daar gebeur soveel meer op die dag as wat ons kan verbeel. 4 Boodskappe wat elkeen van ons moet koester.

Kan ons egter die gebeure as goed beskryf?

Getuig dit nie net van hartseer, lyding en pyn nie? Op die oog af lyk dit asof dit die laagste punt van die mens se geskiedenis is. Dit wag goed en rein en onskuldig is, het die mens vernietig.

In die laaste hoofmoment van Jesus se laaste dag, direk nadat Hy sterf, gebeur daar iets baie spesifieks. En dit draai die gebeure geheel en al op sy kop.

- Dit wat hartseer en vol pyn was, word in die oomblik vreugdevol en vol blydskap.
- Waar ons nie anders kon as om te treur nie, kan ons na die gebeurtenis nie anders as om te jubel en juig nie.

7.

Wat gebeur? Die voorhangsel van die tempel skeur.

Die voorhangsel was ’n swaar gordyn wat die allerheiligste deel van die tempel van die res van die tempel skuil. In die allerheiligste deel van die tempel was God so teenwoordig soos op geen ander plek op aarde nie. Of so het die Jode gedink. Omdat God op die wyse daar teenwoordig was, was dit volgens hulle verstaan heilig. So heilig dat slegs die hoëpriester daar mag ingaan, en dan ook net een keer per jaar.

En dan skeur die voorhangsel wat mens en God van mekaar geskei het van bo tot onder.

- Dit wil iets sê van hoe Jesus se dood daaraan die kruis die toegang van mense tot God moontlik gemaak het.
- Dit wat ons van God, en God se teenwoordigheid geskei het, is weg.
- Ons het nie meer ’n menslike hoëpriester nodig nie.
- Nou het ons vir Christus wat vir ons instaan.
- Deur Christus kry ons geheel en al toegang tot God.
- Nie net eenmalig nie maar gedurend.
- Deur Jesus se dood aan die kruis soveel jare gelede kry die mens vir al die jare wat volg volledig toegang tot.
- Dit wat skeiding gebring het, is nou verwyder.

Ons **swakheid, ons menslikheid, ons selfsug en jaloesie, ons haat en gierigheid, ons wellus en liefdeloosheid – ons sonde –** wat voorheen skeiding tussen God en mens gebring word in die oomblik aan die kruis verwyder.

Netsoos die voorhangsel geskeur het, skeur God ons sonde van ons weg. Nou kan ons met ’n ligte hart God nader.

Daarom broers en susters is Vrydag ’n goeie dag. Daarom is die dag waarop Jesus sterf goed. Dit is natuurlik hartseer, maar dit is ook terselfdertyd ’n oorwinning. Ons kan die Vrydag goed noem omdat ons deur Jesus nou en vir altyd vir enig met God kan lewe. En nie eers die dood kan die oorwinning van ons af wegneem nie.

7.

Broers en susters, ek sluit af.

Deurgaans in die prediking het ek gepraat van Jesus se **“laaste dag**” en dat die dag 4 “hoof momente” gehad het. Ek wil nie vra hoe u laaste dag gaan lyk nie, maar eerder hoe die res van u lewe gaan lyk? Hoe gaan jy die “hoofmomente” van jou lewe inkleur? Hoe gaan more lyk, hoe gaan oormore lyk en die dag daarna? Wat

gaan jy doen en wat gaan jy sê oor ’n jaar van nou af? Hoe gaan jou lewe lyk wanneer jy terugkyk op jou laaste dag?

Kyk ons na die teks dat daar twee goed direk na Jesus se sterwe gebeur het. Die eerste is dat voorhangsel skeur, en dan bely die Romeinse soldaat dat **“hierdie man werklik die Seun van God” is**. En hierin kry ons ons antwoord.

More en oormore, vir die res van ons lewe, met elke hoofmoment en al die tye tussen in moet die belydenis ons woorde en dade kenmerk. In alles wat ons doen, in alles wat ons sê moet die belydenis na vore kom. In goeie tye, maar ook in swaar tye moet ons bely: *“hierdie man was werklik die Seun van God”.*

Ek kyk ons eendag terug, op ons laaste dag, moet die woorde, die belydenis, duidelik wees in alles wat ons gedoen en gesê het.

Laat ons elkeen soos die soldaat daar by die kruis bely dat die man, Jesus, werklik die Seun van God is. Dit is die enigste wyse hoe ek en jy kan antwoord op alles wat Jesus vir ons aan die kruis vermag het.

Amen.